higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 4

(11011044)

7 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

130Q1N2207

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Jy hou toesig oor ’n intern in die reiskantoor waar jy werk. Sy is nog nie vertroud met die kodes wat in die reisbedryf gebruik word nie.

Dekodeer elk van die volgende kodes vir haar:

1.1.1 USA

1.1.2 ACSA

1.1.3 ORTIA

1.1.4 IBLO

1.1.5 IKR

1.1.6 ILVV

1.1.7 WSVO (‘WSSD’)

1.1.8 EU

1.1.9 AVA (‘GSA’)

1.1.10 BTW

(10 × 1) (10)

1.2 Noem AGT dienste behalwe aankoms- en vertrekfasiliteite wat op lughaweterminale beskikbaar is. (8)

1.3 Verstrek DRIE voorbeelde van voorvalle wat as *natuurrampe* geklassifiseer kan word. (3)

1.4 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae:

EEN JAAR LATER:
STEEDS WÊRELDWYD ’N GEJAAG OM OP COVID-19 TE REAGEER

Dokters Sonder Grense/Médecins Sans Frontières (MSF)-spanne haas hulle steeds om op COVID-19 en die ernstige ontwrigtings wat hierdie pandemie op ander noodsaaklike gesondheidsdienste het, te reageer.

Dit is ’n ongeëwenaarde wêreldwye noodsituasie. MSF-spanne reageer op en pas aan by die verspreiding van die novel koronavirus in meer as 70 lande waar hulle mediese projekte het. Verlede jaar het hulle ook noodresponse van stapel gestuur in baie ander lande, insluitend tydelike bedrywighede in Europa en die Verenigde State. Tans is die meeste COVID-19-aktiwiteite by hul gereelde programme geïntegreer. Hulle bedryf egter steeds enkele gefokusde projekte na gelang van plaaslike behoeftes.

[Vertaal uit: *Doctors Without Borders*, 6 Augustus 2021]

1.4.1 Dr Sooraj van Durban is betrokke by die verspreiding van vaksiene namens Dokters Sonder Grense. Hy moet na Jemen reis om 'n vaksineringskamp te vestig.

Om watter tipe visum behoort dr Sooraj na jou mening aansoek te doen? (1)

1.4.2 Noem NEGE dokumente wat van dr Sooraj vereis sal word wanneer hy om 'n visum aansoek doen. (9)

1.4.3 Noem TWEE plekke waar hy kan aansoek doen om die tipe visum wat in VRAAG 1.4.1 genoem word. (2)

1.4.4 Dr Sooraj moet binne 72 uur vertrek om die verspreiding van die virus in Jemen te help bekamp. Hy het nog nie om 'n visum aansoek gedoen nie.

Hoe kan dr Sooraj die visumaansoekproses versnel? (3)

1.4.5 Daar is 'n aantal dokumente wat in plaas van 'n paspoort gebruik kan word, hoewel dit nie dieselfde regsgevolge as 'n paspoort het nie.

Gee VIER spesiale dokumente wat in plaas van 'n paspoort gebruik kan word. (4)

[40]

VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae:

Vir die eerste keer in sy 62-jarige bestaan word die Me Suid-Afrika-skoonheidskompetisie in Kaapstad by Sun International se Table Bay Hotel in die V&A Waterfront aangebied.

Die luukse vyfsterhotel is die verpersoonliking van grasie, elegansie en statigheid, terwyl die V&A Waterfront se asemrowende uitsig oor Tafelberg, die stad, Tafelbaai en Robbeneiland verseker dat dit een van die gewildste bestemmings in Afrika is.

Dit is 'n gepaste omgewing en bestemming waarin die mooiste dame in die land gekroon kan word. Me Suid-Afrika 2020 sal tydens 'n gesogte geleentheid op Saterdag 24 Oktober om 17:00 by die Table Bay Hotel gekroon word. Die geleentheid sal regstreeks op M-Net en Mzansi Magic uitgesaai word en aan 'n internasionale gehoor gestroom word.

Table Bay Hotel se hoofbestuurder, Joanne Selby, sê: "Die Table Bay Hotel is nog nooit oorweeg om die skoonheidskompetisie aan te bied in Sun International se lang geskiedenis van die kompetisie nie, omdat ons altyd gaste gehad het wat by ons gebly het. Ons was sedert die begin van die grendeltyd gesluit, maar is besig om ons deure oop te maak namate internasionale grense oopmaak. Die tydsberekening is perfek, want dit is net voor die skouspelagtige amptelike opening wat ons vir 30 Oktober beplan. Ons sal die Top-10 Me Suid-Afrika-finaliste en 'n paar gaste huisves in die week wat die kompetisie voorafgaan."

[Vertaal uit: *https://www.suninternational.com*]

2.1.1 Waar is hierdie geleentheid aangebied? (1)

2.1.2 Watter tipe geleentheid is dit? (1)

2.1.3 Waarom is die plek gepas om so 'n geleentheid aan te bied? (2 × 1) (2)

2.1.4 Verduidelik kortliks waarom die geleentheid by 'n hotel in plaas van 'n reuselokaal aangebied word en waarom slegs 'n beperkte aantal gaste toegelaat word. (2 × 2) (4)

2.1.5 Met watter VIER kriteria kan die sukses van 'n geleentheid gemeet word? (4)

2.2 Suid-Afrika het maatreëls ingestel om 'n aantal potensiële gevare te voorkom waaraan mense wat 'n geleentheid bywoon asook die eiendom tydens die COVID-19-pandemie blootgestel kan word.

Verduidelik kortliks die doel van elk van die volgende stukke wetgewing met betrekking tot organisering van geleenthede.

2.2.1 Wet op Rampbestuur No 57 van 2002 (2 × 2) (4)

2.2.2 Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid (2 × 2) (4)

2.3 Gee VIER punte wat geleentheidsorganiseerders moet oorweeg wanneer hulle 'n lokaal kies. (4)

2.4 Stel 'n plek in Suid-Afrika voor wat vir elk van die volgende geleenthede gebruik kan word en staaf jou antwoord:

2.4.1 Atletiek (1 + 2)

2.4.2 Wedstryd in FIFA-wêreldbekertoernooi (1 + 2)

2.4.3 Motorwedren (1 + 2)

2.4.4 Krieket (1 + 2)
(4 × 3) (12)

2.5 Noem VIER professionele liggame wat geleenthede in Suid-Afrika reël. (4)
[40]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1.1 Om 'n motor onder die invloed van alkohol te bestuur kan dodelik wees.

3.1.2 Emosionele spanning en verveling is nie oorsake van moegheid nie.

Kopiereg voorbehou

3.1.3 Dit is nie nodig om genoeg te slaap die aand voor 'n rit nie.

3.1.4 Veiligheidsmaatreëls word ingestel om diere en die omgewing teen menslike steurnis te beskerm.

3.1.5 Besoekers aan nasionale parke word nie toegelaat om die diere te voer nie.

3.1.6 Toeroperateurs moet by die Suid-Afrikaanse toeroperateursvereniging geregistreer wees.

3.1.7 Toeroperateurs benodig nie spesiale lisensies om gevaarhoudende aktiwiteite soos rekspring te bedryf nie.

3.1.8 Die risikovlak vir vierwielmotorfietsry is laag.

3.1.9 Ingeval van 'n ongeluk of ernstige besering behoort paramediese hulp so gou moontlik ontbied te word.

3.1.10 Nekbeserings behoort met uiterste sorg gehanteer te word.

(10 × 1) (10)

3.2



3.2.1 Definieer die term *paramedikus*. (1 × 2) (2)

3.2.2 Verduidelik waarom dit belangrik is dat noodhulp deur 'n gekwalifiseerde beampte toegedien word. (2 × 2) (4)

3.2.3 Noem VIER mediese beroepslui wat toegelaat kan word om noodhulp op 'n beseerde toeris toe te pas. (4)

3.2.4 Waarom is beskermende kleredrag verpligtend as jy aan gevaarhoudende avontuuraktiwiteite deelneem? (2)

3.3



Die Dlamini-gesin reis van Mahikeng na Mbombela om die Krugerwildtuin te besoek.

3.3.1 Verduidelik aan mnr Dlamini waarom dit belangrik is om gereeld te rus. (2 × 1) (2)

3.3.2 Gee SES voorsorgmaatreëls wat die Dlamini-gesin behoort te volg wanneer hulle onderweg stilhou. (6)

3.3.3 Mnr Dlamini wil weet watter waarskuwingstekens sal aandui wanneer dit tyd is om op te hou bestuur en te rus. Noem SES waarskuwingstekens. (6)

3.3.4 Adviseer die Dlamini-gesin oor VIER reëls wat hulle nie moet oortree wanneer hulle in die Krugerwildtuin is nie. (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 Noem SES funksies van 'n algemene verkoopsagent. (6)

4.2 Definieer die volgende terme:

4.2.1 Inkomende toeroperateur
4.2.2 Uitgaande toeroperateur (2 × 2) (4)

4.3 Verduidelik kortliks die rolle van elk van die volgende personeellede in 'n groothandelreisorganisasie:

4.3.1 Bestuurder

4.3.2 Verkoopsverteenwoordiger

4.3.3 Toerbeplanner

4.3.4 Toergids

4.3.5 Finansieringsklerk

(5 × 2) (10)

4.4 Kies die tipe toer in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas en skryf die voordeel daarvan in KOLOM C neer. Trek twee kolomme in die ANTWOORDBOEK, soos volg: KOLOM B vir die tipe toer en KOLOM C vir die voordeel.

KOLOM A	KOLOM B	KOLOM C
Dit word vir 'n spesifieke groep gereël, met lede wat vir die volle duur van die toer by mekaar bly.	Buitelandse onafhanklike (1)	(2 × 1)
Ontwerp vir een persoon en saamgestel om in die spesiale behoeftes van die spesifieke reisiger te voorsien	Begeleide individu (1)	(2 × 1)
Enige toer begelei deur 'n gids of eskort	Inklusiewe huurtoer (1)	(2 × 1)
Toer na 'n land buite die grense van jou eie land en word spesifiek vir 'n individuele reisiger beplan	Groep-inklusief (1)	(2 × 1)
Vervoer op 'n spesiale vliegtuig gereël	Onafhanklik inklusief (1)	(2 × 1)

(5 + 10) (15)

4.5 Klassifiseer elk van die volgende spoorwegmaatskappye as óf 'Suid-Afrikaans', 'Amerikaans' of 'Europees':

4.5.1 Bloutrein

4.5.2 Londen ondergrondse treinstelsel

4.5.3 AMTRAK

4.5.4 EuroCity

4.5.5 Shongololo Express

(5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 5

5.1 Kies ’n toeroperateur/prinsipaal in KOLOM B wat pas by die tipe produk in KOLOM A wat die GSA aan toeriste bied. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Treinkaartjie	A	Tempest Car Hire
5.1.2	Vliegtuigsitplek	B	Standard Bank
5.1.3	Natuurbesigtiging	C	Royal Caribbean International
5.1.4	Motorhuur	D	Sheraton Hotel
5.1.5	Seereis	E	Thompson Tours
5.1.6	Buitelandse betaalmiddel	F	Krugerwildtuin
		G	British Airways
5.1.7	Pakkettoere	H	Rovos Rail
5.1.8	Hotelkamer		

(8 × 2) (16)

5.2 Jou bestuurder het jou aangewys om kliënte te hanteer wat hul vakansie in die Suid-Kaap bespreek het. Een dag voor hul aankoms veroorsaak swaar reënval dat die paaie verspoel en die meeste van die toerisme-instellings onder water is.

5.2.1 Verduidelik waarom ’n toerreisplan as ’n wetlik bindende kontrak beskou word. (4 × 1) (4)

5.2.2 Wat sou jou kliënt se kontrakbreuk regverdig as hulle nie hul bespreking in die Suid-Kaap nakom nie? (3 × 1) (3)

5.2.3 Noem VIER ander faktore wat tot die kansellasie of verandering in reisplan kan lei. (4)

5.2.4 Verduidelik hoe kliënte sal reageer as daar nie aan hul verwagtinge voldoen word nie. (5 × 1) (5)

5.2.5 Verduidelik kortliks die kontraktuele verpligtinge wanneer ’n toer vir ’n kliënt bespreek word. (4 × 1) (4)

5.3 Noem VYF graderingskriteria wat die Toerismegraderingsraad gebruik om lokale te gradeer. (4)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou